VAN ONS DIAKONIE

KOLLEKTES: Vandag en elke Sondag: Onder die erediens vir **Barmhartigheid in die blou sakkies**.
Vanoggend by die deure vir die **Kerklike Tydskrifte in rooi sakkies.**
Vanaand: **Diens van Barmhartigheid en Kerkkas.**
Die spesiale kollektes in Desember gaan vir:

Sondag	6 Desember	Emeritaatsfonds
Sondag	13 Desember	**Kerklike Tydskrifte**
Sondag	20 Desember	Teologiese Studentekas
Sondag	27 Desember	GKSA Sustentasiefonds

Kerklike bydrae en kollektes se inbetalings in die onderskeie rekeninge

Lidmate word daaraan herinner om in hierdie grendeltyd u **maandelikse kerkbydraes** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word. Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**. 680 280 002 (ABSA)
Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.** 680 340 137 (ABSA)
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: FNB Potchefstroom. Tjekrek. 627 805 92723

TE HUUR 'n Woonhuis te Plot 933, Vyfhoek.
3 Slaapkamers en 'n toesluit motorhuis.
Die maandelikse huur is R 5 000 plus krag.
Kontak Frieda 071 169 6521 / 018 290 5089

DIAKONIE SE KOSKAS

Die Diakonie se koskas het leeggeraak.
Die feestyd lê voor, as u inkopies doen gooi 'n ietsie ekstras in u waentjie en bring dit saam kerk toe vir ons koskas.
Cup of soup, 2 min noedels, koekmeel, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta, beskuit, aanmaakkoeldrank. (Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram). Sunlight seep, skottel-goedseep, toiletpapier. Baie dankie vir u ondersteuning.



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 36, nr 48 Sondag 13 Desember 2020
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste: Ouderlinge van wyke **A3** en **A5**:
Wyk A3 Chris van Ryssen en wyk A5 is Koos Roos.
Diakens: Wyk **A3 Rudy van der Spoel en Wyk A5 is vakant.**

EREDIENSTE **Oggenddiens prop Philip Hattingh.**
Die whatsapp-diens vanaand deur ds Hendrik Verryn, Potch-Suid

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Lidmate kan die preek op ons whatsapp-groep **GK Potchefstroom preke** en ook op internet www.gkpotchefstroom.co.za volg.

Die diens vanoggend word waargeneem deur prop **Philip Hattingh.** Ons bid hom die seën van die Here toe op die prediking, asook dat hy spoedig 'n beroep sal ontvang na waar die Here hom wil gebruik.

OGGEND: Sing: Psalm 33: 1, 2, 11.
Votum en Seëngroet. Psalm 150: 1, 2, 3.
Geloofsbelydenis: Nicea
Wet: Eksodus 20. Psalm 119: 6, 49, 60. **Gebed**
Skriflesing: Markus 8: 34 - 9: 1. **Fokus:** Markus 8: 34 - 35; 38
TEMA: ***Jesus lei dissipels om Hom skaamteloos te volg sodat Hy homself nie oor hulle sal skaam nie.***
Preek. Gebed. Skrifberyming 1-2: 1, 2, 3. **Groetseën**

Hierdie uitgawe van *Op die Kerkwerf* is die 48e van hierdie jaar en ook die laaste van 2020. Baie dankie aan almal wat gehelp het om *Op die Kerkwerf* elke week te laat verskyn.
Die volgende *Op die Kerkwerf* verskyn DV op 17 Januarie 2021
Ons wens u almal 'n Geseënde Kersfees en 'n voorspoedige 2021 toe.

AAND: Skriflesing: Klaagliedere 1
TEMA: ***God is ons enigste Trooster***
SING: Psalm na die seën: 119: 29 - 30
Psalm na die preek: 71:12 - 14
Psalm na die 2de gebed: 145:10 – 12.

Die 2021 gemeentekalender is nou beskikbaar in die saal.
U kan <u>een</u> neem per besoekpunt.

LIEF EN LEED

Ons harte gaan uit na **Faans en Ina Steyn.**
Faans 084 402 9394 het baie gewig verloor en sy kragte is min. Daar is nou met die chemo-terapie voorlopig gestop sodat Faans eers weer sy kragte kan opbou. Ons bid vir ryke vertroosting van ons almagtige hemelse Vader.

Susan Nortjé 079 781 0499 se niere het baie verswak en sy sukkel met haar hele gesondheidstoestand. Ons bid vir haar en Koos vir genade, mag die Here hulle met sy liefde bystaan.

Ons dink steeds aan **Magda Viljoen en Hennie** 079 408 2835 en die dogters **Carina** en **Anelri** in ons gebede. Mag ons troue Verbondsgod die behandeling ryklik seën.

Ons gebede gaan ook op tot ons hemelse Vader vir **Sonja en Tinus Venter** 072 776 3700 en vir



Sonja se pa wat ook met kanker gediagnoseer is. Mag die Here hulle in sy liefde en genade toevou in hierdie tyd en in sy almag ook genesing gee.
Ons doen ook weer 'n beroep op bydraes vir die fonds waarmee die breë kerkraad begin het om vir Tinus en Sonja te help met die hoë mediese uitgawes. Enige bydrae is welkom en kan in die rekening van die diakonie inbetaal word waarvan die nommer in *Op die Kerkwerf* verskyn.
Vir meer besonderhede kyk op bl 6.

Indien daar enige siekte- of ander gevalle is waarvan u bewus is in u wyk, en wat Sondae afgekondig moet word, sal u dit asb deurgee na *Malie Wyma* **072 373 73610 of** kantoor@gkpotchefstroom.co.za **gedurende die tyd wat Prof Callie met verlof is.**

VAN DIE KERKRAAD

Die ontvangs en bevestiging van Ds Jannes en Yolandi en hulle kindertjies sal DV gedurende die naweek van 24 Januarie 2021 plaasvind. In "Op die Kerkwerf" is belangrike inligting hieromtrent.

Op **Geloftedag** word die diens om 9:00 gehou in die Gereformeerde Kerk Potchefstroom Suid.
By **Roepersfontein** vind daar Geloftefeesvieringe plaas vanaf 8:30.

Die **Kersdiens op 25 Des**ember **om 9:00** in ons gemeente sal waargeneem word deur **Ds Hendrik Verryn.**

Die **kommissiebegrotings en bydraevorms** van lidmate moet asb so gou moontlik ingehandig word sodat die begroting vir volgende jaar opgestel kan word.

Kyk asb in ***Op die Kerkwerf*** vir die inligting tov kerklike bydrae en kollektes se inbetalings in die onderskeie rekeninge. Bladsy 6. **Neem asb kennis dat geen tjeks meer deur banke aanvaar word na 31 Desember 2020 nie.**

Ter approbasie as diaken, word aan die gemeente die naam voorgehou van **Banie Nortjé** van Eleaserstraat.

PREEKBEURTE in Desember 2020/Januarie 2021

13 Des	Oggend	Prop Philip Hattingh	Aand	Ds Hendrik Verryn
20 Des	Oggend	Prof Hennie Goede	Aand	Prof Hennie Goede
25 Des	Oggend	Ds Hendrik Verryn		**KERSDAG**
27 Des	Oggend	Prof Hennie Goede	Aand	Prof Hennie Goede
3 Jan	Oggend	Ds Daan Bakker	Aand	Prof Callie Coetzee
10 Jan	Oggend	Prof Hennie Goede	Aand	Prof Callie Coetzee

Ons sal u op hoogte hou wanneer die aanddienste ook weer normaal kan voortgaan.

Die preke van Sondae word op WhatsApp asook op die Webwerf uitgestuur.

Ons gemeenteblad "Op die Kerkwerf" verskyn elke week op die webwerf. (www.gkpotchefstroom.co.za)

ONTVANGS DS JANNES VAN DYK EN GESIN

Yolande, Ds Jannes, Suhanli en Hanró

Die ontvangs en bevestiging van Ds Jannes van Dyk en Yolandi en hulle kindertjies sal DV gedurende die naweek van 24 Januarie 2021 plaasvind. Ons bede is dat die Here sy bediening in ons gemeente ryklik sal seën

Die kerkraad het 'n Ontvangskommissie aangewys wat die ontvangs van ons nuwe predikantsgesin moet reël. Die kommissie het reeds twee keer vergader en die volgende word aan lidmate deurgegee:

- Die ontvangs van ds Jannes en mev Yolandé van Dyk en hulle kinders, Hanró en Suhanli vind DV op 24 Januarie 2021 plaas.
- Die ontvangsprogram neem 'n aanvang nadat die formele verrigtinge (bevestiging en erediens) afgehandel is.
- Lidmate bly in die kerkgebou sit ná die uitspreek van die seën en 'n kort program sal plaasvind waartydens die gesin verwelkom sal word.
- Lidmate verdaag dan na die saal waar 'n vingerete geniet sal word.
- Weens Covid-regulasies sal stoele en tafels in die saal en buite geplaas word sodat sosiale afstand gehandhaaf kan word. Die vloei van beweging sal gereguleer word om afstand te verseker.

Tans geld 'n beperking van 250 mense vir byeenkomste en daarom is dit belangrik dat lidmate wat die ontvangs (en dus erediens) gaan bywoon hulle name teen 10 Januarie by Malie Wyma opgee. Whatsapp, sms of skakel haar by 072 373 7361 of e-pos haar na kantoor@gkpotchefstroom.co.za

Registrasie is ook noodsaaklik omdat die Susters moet weet vir hoeveel lidmate verversings voorberei moet word.

VERJAARDAE HIERDIE VAKANSIE

Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardae. Mag dit vir u en u dierbares 'n baie geseënde nuwe lewensjaar wees.

13 Des	**Wynand Putter,** Huis Eikelaan S64, ☎ 082 853 8422. Wyk C5. **86 jaar**
15 Des	**Pieter Kruger,** Van Riebeeckstraat 60, ☎ 082 667 9991. Wyk D3
	Hermien v d Spoel, Mooihof 7D, ☎ 079 448 8912. Wyk B2. **87 jaar**
16 Des	**Ria Buys,** Huis Eikelaan TB 412, ☎ 018 293 2260. Wyk C3. **80 jaar**
17 Des	**Maryna Malan,** Mamma Mia 26A, ☎ 082 952 9911. Wyk B4
	Elsa Mentz, Malvastraat 103, ☎ 083 660 7181. Wyk A3
19 Des	**Lily Pretorius,** Huis Eikelaan TB 609, ☎ 079 064 9241. Wyk C3
21 Des	**Naomi Fraser,** Huis Eikelaan S 35, ☎ 082 442 7466. Wyk C1. **87 jaar**
	Magrieta Pelser, Huis Eikelaan S25, ☎ 082 921 5514. Wyk C2. **85 jaar**
22 Des	**Thinus Dreyer,** Izahof 16, ☎ 082 895 0800. Wyk B2
24 Des	**Marie Coetsee,** Villa Giovani 3, ☎ 083 566 7627. Wyk B2. **83 jaar**
	Louise Smits, Limerick 14, ☎ 072 622 0905. Wyk A1
27 Des	**Tersia Kruger,** Mozartweg 1, ☎ 071 130 9017. Wyk A3
28 Des	**Hettie van Zyl,** Huis Eikelaan Versorging, ☎ 018 297 1286. Wyk C5. **92**
29 Des	**Tilla Coetzee,** Beyers Naudelaan 201, ☎ 082 921 5410. Wyk B5
	Cecilia du Plessis, Gracia 10, ☎ 079 507 0420. Wyk E4
30 Des	**Susan Jacobs,** Plaas Witpoort, ☎ 082 688 6752. Wyk E2
31 Des	**Helene v d Merwe,** Van Graanstraat 10, ☎ 018 264 6119. Wyk B3. **86 jaar**
1 Jan	**Elza Knop,** Mandie Hof 6, ☎ 082 822 9286. Wyk B3
2 Jan	**Morne Bezuidenhout,** Plot 997, ☎ 083 571 8413. Wyk A5
	Willie v d Walt, Huis Eikelaan S26, ☎ 018 294 8452. Wyk C2. **80 jaar**
	Barend Wentink, Esselenstraat 69. Wyk E1
4 Jan	**Dina Coetzee,** Coetzeestraat 5, ☎ 084 705 9322. Wyk B4
	Faans Steyn, Ockerslaan 11, ☎ 084 402 9394. Wyk A5
6 Jan	**Jan-Adriaan Eloff,** Mortimerstraat 3. ☎ 061 727 5463. Wyk E3
	Emmerentia Stoop, Bloemstraat 20. Wyk B1. **90 jaar**
7 Jan	**Fredé-Né Venter,** Enselspoort, ☎ 018 290 1027. Wyk E4
8 Jan	**Meraaise de Beer,** Huis Eikelaan S 39, ☎ 082 622 8570. Wyk C2
	Ruan Nell, Macorina B7. Wyk A5
9 Jan	**Magda Opperman,** Huis Eikelaan S 27. Wyk C2
10 Jan	**Bets Schutte,** Kabad 8, Grieglaan 15, ☎ 082 338 7903. Wyk A2
11 Jan	**James Cilliers,** Mareestraat 70. Wyk A7
13 Jan	**Adriaan Juyn,** Reitzstraat 19, ☎ 079 343 4583. Wyk D1
	Carien van Biljon, Villa Seville 11, ☎ 079 176 7626. Wyk D2
	Retha van Biljon, Villa Seville 11, ☎ 079 781 7562. Wyk D2